**Vrydag 1 Augustus**
**Skrifgedeelte: Job 38:1-11**
**Fokusgedeelte: Job 38:1 (AFR2020)**

## Die almagtige HERE antwoord die mens

Vir die heel eerste keer sedert die tweede hoofstuk van die boek Job hoor ons weer die Naam HERE – die Verbondsnaam van God. Van die oomblik af dat Job se eerste drie vriende begin praat het, was die gepraat onophoudelik tussen die vriende en Job. Die vriende het nie God se almag ontken nie, maar uit hulle woorde klink dit asof God net ver is en Hy slegs met mense te doen het wanneer Hy hulle teregwys. Job het hom verweer teen hulle beskuldigings. Naderhand het hy, uit moedeloosheid, gesug na begrip, maar omdat nie een van die vriende dit kon verstaan nie, het Job verwyte gehad.

Elihu, die vierde en jonger vriend, was nog aan die praat toe die storm al begin opbou het. Hy sou seker nog aangegaan het, maar Iemand anders het hom in die rede geval. Die HERE het Job uit ’n stormwind geantwoord. Wat ’n groot genade dat die almagtige HERE tog nog met ’n gevalle mens praat. Maar Hy praat nie net nie – Hy antwoord Job. Antwoord spreek van oneindige groot genade, want Hy sou regverdig wees as Hy teenoor die mens doodstil gebly het. Hy is immers geen antwoord aan hom verskuldig nie.

Die HERE antwoord egter sodat ons Hom kan leer ken. Hy spreek in beelde en taal wat ons mense kan verstaan. Hy antwoord Job met vrae sodat Job die almag van die Here kan begryp en verstaan dat hy, wat ’n nietige mens is, ’n besondere plek in die skepping van die HERE het. Wat ’n besondere voorreg het ons dat die HERE Homself nog duideliker en meer verstaanbaar gemaak het deur sy Seun, Jesus Christus. Dit is in Christus se offer wat ons kan sien met hoeveel sorg die almagtige HERE na mense omsien en hoe graag Hy wil hê dat ons Hom sal ken en eer.

*Sing: Psalm 65-1:3*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*